Tema: Doen jy die belangrikste dinge in die koninkryk van God?

Vooraf sang
Sb 18 - 3: 1+5, 8+9 (Mel ps 68 - 1)
Ps 95 - 2: 1,3

Ontmoetingsdiens
Votum
Seën (Lees Sb 19 - 3: 1 - 3 en sing direk na seën vers 4 op mel van ps 134-1);
Lofsang Sb 5 - 4: 1,5,6. 2

Woorddiens
Gebed
Skriflesing, **:** Romeine 14: 13 - 23
Teks: Romeine 14: 17 - 18
Woordbediening.

Antwoorddiens
Sing direk na Woordbediening Sb 17 - 1: 1,6
Gebed
Liefdegawes
Gebed vir BnB
Sing Sb 11 - 3: 1,4,7 (Mel Sb 16 - 1)
Seën
Amenlied Sb 13 - 2.

Geliefde brs en srs en kinders

Ons almal se lewens is geweldig vol met baie dinge. Daar is soveel sake, plekke en mense aan wie ons aandag moet gee. Ons dagprogramme is so vol dat daar skaars tyd is om net op een saak te fokus en dit behoorlik af te handel. Terwyl ‘n mens met iets besig is begin jy al in jou agterkop dink oor die volgende ding waaraan jy aandag moet gee. Die lewe stel op verskillende vlakke geweldige eise aan ons. Werksdruk word hoër, skole en kinders raak al hoe besiger en die tyd raak al hoe minder.

Om besig te wees, is natuurlik nie verkeerd nie. Dit is ook goed dat ons die tyd en geleenthede wat die Here ons bied om Hom in sy koninkryk te dien, volledig benut. Die Here wil ook dat ons hard werk, maar, brs en srs, **ons moet altyd besin of ons met die regte goed in ons lewe besig is**. Ons moet leer om **te onderskei** of ons besig is met dinge wat regtig koninkrykswaarde het en of ons nie dalk besig is met dinge wat nie ewigheids – of koninkrykswaarde het nie.

En van die duiwel se suksesvolste aanvalstegnieke op die koninkryk van die Here is om Christene (koninkryksburgers) op minder belangrike, selfs onbelangrike en nog erger verkeerde goed - te laat fokus. Ons kan ons dan in lewe – kerklik en andersins – so besig word met baie dinge wat ons dalk as belangrik beskou, maar intussen gaan dit wat vir God regtig belangrik is by ons verby. Die dinge waarmee God eintlik wil hê ons besig moet wees en sy koninkryk mee moet bou.

So het dit ook gebeur lewe van die gemeente van Rome. Die ou twispunt wat in die kerk van daardie tyd oral opgevlam het, het ook hier die fokus van die gelowiges van die ware dinge van die koninkryk afgetrek. **Hierdie stryd het gehandel** onder andere gehandel oor die verskille tussen die eetgewoontes van Jode wat Christene geword het en hulle wat heidene was voor hulle Christene geword het. Daar was ook dikwels ‘**n strydpunt** oor of die heidene wat Christene geword het, **nie ook besny moes word nie**. So was daar ook stryd oor die onderhouding van sekere dae en seremonies wat heidene onderhou het nadat hulle Christene geword het. **Hierdie strydvrae het in baie gemeentes voorgekom en het die fokus van Christene op goed wat nie kernbelangrik is nie laat val.**

Dit het dikwels ook die dienswerk van die Christene en die uitbreiding van die koninkryk benadeel. Paulus waarsku ernstig in vers 15: Moenie deur wat jy eet iemand vir wie Christus gesterf het, laat verlore gaan nie.” Hy waarsku ook: moenie dat julle stryd en verskille “die goeie naam wat julle het, verlore laat gaan nie”.

Geliefdes, kyk ons na die kerklike lewe vandag, nie net in die Gereformeerde Kerk nie, maar oor die breë spektrum dan sien ons dieselfde tendens. Die duiwel is nog steeds suksesvol besig om Christene te laat fokus op sake, strydvrae en verskille wat nie die wesentlike van ons diens in die koninkryk van God raak nie.

Ons stry oor nog steeds oor onbelangrike dinge soos of ons moet sit of staan as ons bid. Watter klere gepas is om aan te trek na die erediens! Ons stry oor watter liedere ons in die kerk mag sing. **Ons verskil ernstig** oor die vraag of vroue ook predikante en ouderlinge kan wees. Sommige van ons glo nog dat mense wie se velle nie wit is nie – minderwaardige mense is en hanteer hulle ook so in die samelewing. Kerke stry oor wie die waarheid die beste beet het en maak van sekere dinge soos die doop en nagmaal afgode waarby hulle staan of val.

Ons maak mekaar verdag as die een kerk of gemeente liturgies anders optree as die ander een. Ons stry oor geboue, oor harde banke, oor waaiers, oor geld, oor die kleur van die kanselkleed en so kan ons die lys langer maak.

En wat gebeur intussen? Die goeie naam van die koninkryk van God gaan verlore – soos Paulus hier waarsku. **Duisende gelowiges** verlaat die formele kerklike lewe omdat hulle nie meer glo dat die kerk ernstig is oor die **kernsake van die koninkryk nie. Jongmense** wat soek na egtheid en eerlikheid sê dat hulle nie meer hier tuis is nie. Hulle wil die Here dien en het nie meer erg aan al die verskille en stryd nie.

En, br en sr, die slegste van alles is: die bruid van Christus word bespotlik gemaak deur die wêreld daarbuite. Daardie wêreld - waarin ons nou al so ver in ons reeks oor die koninkryk gehoor het wat ons juis onder die heerskappy van Christus moet bring - glo eenvoudig nie die boodskap nie, omdat hulle sien en weet wat tussen kerke en christene aan die gang is. **Ons as Christene en as kerklike gemeenskappe het ons geloofwaardigheid voor die wêreld amper al verloor.** Ons lees dit elke week in die koerante en hele radioprogramme – soos die afgelope week – word gewy daaraan om die ongeloofwaardigheid van die kerk – van my en jou – uit te basuin.

Daarom, midde in die gemeentelike stryd van Rome oor of mens sekere vleis mag eet en sekere dae moet onderhou, kom gee die Here deur Paulus leiding**: Moenie op die verkeerde goed fokus nie! In die koninkryk van God gaan dit nie oor eet of drink nie!** Moenie julle besig hou met dinge wat nie ewigheidswaarde het nie en wat nie die koninkryk kan laat uitbrei nie. Onderskei tussen dit wat kernwaarhede is en dit wat nie kernwaarhede is nie!

Wat is dan die kernwaarhede van die koninkryk van God? Wat is die dinge waarop gelowiges moet fokus en waarvoor Christene in die wêreld bekend moet wees? Of om net vir ‘n oomblik terug te gryp na verlede week: wat is daardie grens wat ek nie oorsteek nie! **Wat is die ononderhandelbare koninkrykswaarhede wat Christus deur sy heerskappy oor ons in hierdie wêreld wil laat gebeur**? Wat is die waarhede waarvoor Christus bereid was om te sterf sodat ons daarmee kan lewe?
Net 3 dinge sê die Here:
1. Gehoorsaamheid aan God
2. vrede
3. Vreugde

Die woord “geregtigheid” wat hier met gehoorsaamheid vertaal word, kan ook beteken: om so te leef dat mense kan sien dat jy in die regte verhouding met God staan. Daarby kom dan nr 2 vrede en nr 3 vreugde!

Gehoorsaamheid, vrede, vreugde.....dit is die kernwaarhede van my en jou lewe as koninkryksburgers

Geliefde, br en sr, waarmee is ek en jy besig in ons diens aan die Here? Waarop fokus ons in ons lewe? Is ons met die belangrikste dinge besig? Ons gaan in 3 volgende preke elkeen van hierdie waarhede dieper ontdek **– maar vanaand roep die Here ons terug met die vraag: waarmee is jy besig in sy koninkryk? Waaraan wy jy jou lewe?**

As jy in jou **binnekamer besig is**, waar jy God se Woord ondersoek en waar jy bid: fokus jy op hierdie kernwaarhede? Bid jy om meer gehoorsaam te wees, bid jy om ‘n vredemaker te wees en bid jy dat die vreugde van lewe in die koninkryk ook in jou lewe sigbaar sal word.

Jy en jou gesin: as julle besin oor julle geloofslewe: is hierdie 3 in die kern? Oefen en help ouers en kinders mekaar om meer gehoorsaam te wees of aanvaar ons maar dat ons sondige dinge kan doen en sê? Ervaar ons saam die vrede en die vreugde van ons kindskap as familie?

As jy more werk of skool of universiteit toe gaan: sê jy vir jouself: vandag moet die wêreld aan my kan sien dat ek in die **regte verhouding met God leef.** Vandag moet ek in die onvrede van werksomstandighede, in die onvrede van kollegas, familie of vriende die **vredemaker wees!** Sal die mense more by die werk jou vreugde as burger van God se ryk sien en jaloers daarna vra?

Geliefde, br en sr, as jy nadink oor wat in ons gemeentelike lewe belangrik is en wat ons in die volgende bedieningstydperk moet doen, wat is vir jou die belangrikste? Wat sou jy wou verander in die gemeente sodat ons die Here beter kan dien? Is dit dalk allerhande sake soos eet en drink? Of fokus jy op wat Christus vir ons voorhou?

Geliefdes, dit waarop ons fokus en waarmee ons ons besig hou, verklap ook die innerlike bron waaruit ons lewe! Stryd, rusie en verskille gaan oor wen en verloor. Dat my opinie sal wen en die opponent sal verloor. Dit openbaar vanuit watter innerlike oortuiging jy opereer naamlik: jou eie sondige selfsug en oortuiging.

Waar, sê Paulus, kom gehoorsaamheid, vrede en vreugde vandaan? Dit is dinge **wat die Heilige Gees ons gee!!!**. Dit is die vrug van die Gees se werk in ons! **Wanneer ons op God fokus, op die dinge wat die heerskappy van Christus in ons nuwe lewe laat deurbreek en op die Heilige Gees wat kragtig in ons werk – dan gee Hy vir ons gehoorsaamheid, vrede en vreugde. Dan opereer ons met God se krag en sal Hyself sy kerk laat groei en sy koninkryk laat kom! Dan staan ek met my vooropgestelde idees en my eie selfsugtige belange nie meer in die pad nie!**

Daarom sluit Paulus af met die woorde: Wie Christus so dien – met hierdie 3 dinge – sal die goedkeuring van God wegdra en die agting van die wêreld geniet.

Br en sr, **wat kan vir my en jou meer vreugde bring as om te weet dat ek so lewe dat ek God se goedkeuring wegdra**! Dat ek as koninkryksburger my koning bly maak met die wyse waarop ek Hom dien! Wat kan wonderliker as dit wees? Watter groter krag kan in '**n gemeente losgemaak word** as ons almal besef maar ons is regtig met die belangrikste goed besig en ons sien hoe God deur ons werk?

Watter kan **getuienis teenoor die wêreld** kan kragtiger wees as die getuienis van iemand vir wie die wêreld agting het. Nie omdat ons soos die wêreld is nie – maar omdat ons konsekwent doen wat God sê. Dat ons preke en ons dade ooreenstem! Dan alleen sal ons die koninkryk van God effektief kan laat deurbreek.

Br en sr, moenie toelaat dat die duiwel jou fokus aftrek nie. Ons as gemeente moet dit ook nie toelaat nie. Terwyl ons nuut besin oor ons bediening oor die volgende tydperk moet ons hierdie kernwaarhede styf vashou! Die koninkryk van God gaan nie oor eet en drink nie. Natuurlik is dit belangrik, sê Paulus in 1 Kor 10, dat ek deur my eet en drink ook die Here verheerlik **– maar dit is nie die kern nie: Nee die koninkryk van God – hierdie gemeente se lewe gaan oor: gehoorsaamheid, vrede en vreugde! Ons gaan nog dieper kyk wat elkeen van hulle beteken!**

Maar kom ons laat nie toe dat ons met ons besige lewe met verkeerde dinge besig is nie. Kom ons fokus op die kernwaarhede en leef dit uit met die krag van God. So sal ons God se goedkeuring wegdra en die respek van die wêreld verdien.

Amen